JANUARIE / FEBRUARIE 2017

*"Roep My aan en Ek sal jou antwoord"* (Jer. 33:3)

JAPANSENDING

*Geroep om te Dien*

# DIE OPBOU VAN DIE FAMILIENAAM

"Die Tweede Wêreldoorlog het die wêreld soos ons dit geken het, heeltemal verander. Al ons besittings het in vlamme opgegaan," het Hiroyuki Kodama gedeel. "Op 31-jarige ouderdom het my ma 'n weduwee geword en vyf kinders gehad om te voed. Ons het na die platteland van Okayama gevlug en met 'n baie armoedige bestaan begin. Sodra ons van die skool af gekom het, het ons direk na die landerye gegaan om my ma te help werk op die land. As tienjarige onthou ek hoe my ma vir my gesê het, *jou pa is dood en jy is nou die oudste. Die verantwoordelikheid om die familienaam weer op te bou, rus nou op jou skouers. Ons maak nou almal staat op jou!*

My ma het somtyds gesê hoe sy uitsien na die dag wat ek as die oudste kind, 'n herberg of restaurant in die stad sal bestuur om so vir die gesin te sorg. In my vasberadenheid om te slaag en my gesin van armoede te red, het ek die huis verlaat om deeltyds te werk, terwyl ek junior hoër- en hoërskool voltooi het.



*Hiroyuki Kodama*

Nadat ek in 1954 klaargemaak het, het ek na Osaka gegaan waar ek werk gekry het by 'n maatskappy wat eetgoed verkoop het. Ek het hard gewerk en geld na my ma by die huis gestuur. Na 'n ruk het die maatskappy 'n winkel aan my toevertrou. Aanvanklik het dit goed gegaan, maar toe het 'n groot supermark in die area oopgemaak en verkope het begin afneem. Ek was gefrustreerd en my hart was vol jaloesie, woede en bekommernis.

Voordat die verkope aan die einde van die dag gekontroleer is, het ek dikwels geld uit die kasregister vir myself geneem. Na toemaaktyd het ek dorp toe gegaan om by 'n kroeg te drink. Terwyl die leegheid in my hart voortgeduur het, het ek begin smag na meer stimulasie in die vorm van allerlei onwettige vermaak. Ek het heeltemal my besef van rigting en voornemens verloor. Ek het minder geëet, meer gedrink en my beursie was altyd leeg. Wanneer ek my moeë liggaam bed toe gesleep het, het my gewete uitgeskreeu – *dit is nie wat ek wil hê nie!*

Ek het na iets anders gesoek, maar het nie geweet wat dit was nie. Terwyl ek soos gewoonlik aangegaan het, het dit alles so betekenisloos geword en ek het baie ontevrede begin voel. Na twee jaar, terwyl ek steeds hard gewerk het, het ek baie moeg begin voel en 'n hoesie begin ontwikkel. Hierdie hoesery het aangehou en later het ek opgemerk dat ek bloed hoes. Ek het begin swak voel en uiteindelik inmekaargesak as gevolg van longbloeding. My kollegas het my gehelp om by die hospitaal te kom, waar ek gediagnoseer is met tuberkulose (TB) en onmiddellik gehospitaliseer is. Die sjirurg het bevind dat dit noodsaaklik was om 'n deel van my long te verwyder.

Op 21-jarige leeftyd het ek die lewe in 'n tuberkulosesaal begin. Ek het die feit dat ek tuberkulose het vir 'n jaar lank vir my familie weggesteek, terwyl ek gehoop het vir 'n vinnige herstel. Vyf jaar later is ek verskuif van die intensiewe sorgeenheid na die herstelsaal.

Eendag is 'n kennisgewing aan al die pasiënte uitgedeel waarin kennis gegee is dat Gideonbybels uitgedeel gaan word aan almal wat dit wil hê. Ek het 'n ander boek gelees, dus het ek die kennisgewing geïgnoreer.

'n Paar dae later het elkeen in my saal 'n Nuwe Testament ontvang. Die herstelsaal was apart van die hoofgebou en het 12 beddens gehad. Die beperkings was minder en dokters en verpleegsters het ons selde besoek. Daar was selfs mense in hierdie saal wat gedrink en gedobbel het. Dit het geblyk dat baie min van hierdie pasiënte moreel en ernstig oor hulle herstel was.

Toe ek sien al hierdie mense ontvang 'n Bybel, het ek gevoel dat ek op een of ander manier iets misloop. Ek het die persoon wat die Bybels uitgedeel, gevra, 'Ek het nie een bestel nie, maar kan ek een kry?' Hy het gesê hy het ekstra kopieë en een aan my oorhandig.

Ek het spoedig die Bybel begin lees. Ek is iemand wat daarvan hou om iets klaar te maak wat ek begin het, dus het ek elke dag, van die môre tot die aand, die Bybel gelees. Ek het agtergekom dat daar ook 'n Ou Testament is, derhalwe het ek Japansending se evangelis wat ons besoek het, gevra om vir my een te bring. Ek het na die hospitaal se biblioteek gegaan en baie boeke oor Christenskap gelees.

Ek het gedink ek was 'n redelik gedissiplineerde en eerbare persoon, maar my gewete is geprikkel, omdat daar oral waar ek in die Bybel gelees het, van *sonde* gepraat word. Ek het besef dat ek baie verkeerde dinge gedoen het en dat selfs my siekte veroorsaak is deur my ongedissiplineerde en immorele leefstyl.

Ek is meegedeel dat diegene wat vir ons die Bybels gegee het, ons gaan besoek om 'n byeenkoms te hou. Ongeveer 20 Christenpasiënte het by die twee evangeliste se byeenkoms opgedaag. Hierdie was die eerste Christelike boodskap wat ek nog ooit gehoor het. Dit het gegaan oor die drie kruise op Golgota, volgens Lukas 23. Jesus was in die middel, met 'n dief aan elke kant. Die een het Jesus gelaster, terwyl die ander een gesê het, ***ons kry net wat ons verdien***. Jesus het toe vir hom gesê, ***vandag sal jy saam met My in die paradys wees***.

Ek is getref deur die eenvoud van die boodskap en het gevoel asof ek die dief was wat sy skuld erken het. Dit was toe dat 'n helder lig die donkerte in my hart verlig het. Ek is oortuig van my sonde en het aan die einde van die diens Jesus as my persoonlike Verlosser aangeneem. Die Here het my hart gevul met 'n diepe gevoel van vreugde en tevredenheid. Daardie nag was my kussing nat van die trane wat langs my wange afgestroom het, terwyl ek 'n onverklaarbare vrede en vreugde in my hart ervaar het.

Die oomblik van my redding was so dramaties dat dit my lewe 180 grade laat omswaai het. ***As iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel*** (2 Kor. 5:17). Ek kon nie stilsit met my hart wat oorloop van vreugde nie. Die volgende dag het ek deur die sale geloop en vir baie vertel wat Christus vir my gedoen het. Die mense was baie verbaas oor die verandering in my lewe. Baie het gesê, 'Kodama het 'n Christen geword' en die groep van twintig wat by die byeenkomste bymekaargekom het, het spoedig gegroei tot omtrent 100!

Ek het allerlei planne gehad vir wanneer ek uit die hospitaal ontslaan word, maar toe het ek ernstig begin bid daaroor of ek nie 'n hospitaalevangelis moet word nie. Evangelis Karasawa van Japansending was die een wat my na die Here gelei het en was 'n ware inspirasie. Ek het aan hom geskryf om te vra wat ek nodig het om 'n hospitaalevangelis te word.

My lewe het radikaal verander toe ek in 1962 daardie Bybel in my hande geneem het. Ek kon die Here sien werk in die omstandighede rondom my. Tien maande nadat ek 'n Christen geword het, is ek gesond verklaar deur die

**Verteenwoordigers in Japan: DAWID & SUE VERWEY**

| | |
|---|---|
| **7-40 MONZEN CHO** | **POSBUS 30106** |
| **IKOMA CITY, NARA KEN** | **WONDERBOOMPOORT 0033** |
| **630-0266, JAPAN** | **Tel: (012)377-1533** |
| **Tel: 0081-743731754** | **083 719 0227** |
| **Faks: 0081-743731681** | **Faks: (012)377-1533** |
| **www.japanmission.org** | **sa@japanmission.org** |

**www.facebook.com/japanmission.jm/**

**Indien u rapporte en gebedsversoeke vanaf Japan per E-pos wil ontvang, kontak asb jm@japanmission.org**

**DIE SENDING SE UITREIKINGS - "BID VIR ONS"**

- Bybels en Leesstof
- Studente Uitreiking
- Bediening in Tronke
- Engelse Evangelisasie
- Oudiovisuele Uitreiking
- Hospitaal Evangelisasie
- Bejaardes Uitreiking
- Evangelisasie Byeenkomste

***ONS OPREGTE DANK EN WAARDERING*** **teenoor vriende wat bankinbetalings gedoen en ons laat weet het, en veral ook vir inbetalings wat ons nie kon erken nie. Ons trag om alle donasies persoonlik te erken, maar ongelukkig verskyn daar dikwels nie voldoende inligting op die bankstate nie.**

**■ Sal u asb so goed wees om ons te laat weet as u nie 'n erkenning ontvang het nie en ook as u van adres verander.**

**Dit sal 'n groot hulp wees indien die donateur se NAAM en TELEFOONNOMMER duidelik op die Bank Deposito-strokie of Debietorder of Internet oorbetaling verskyn.**

**■ Met opregte waardering erken ons die volgende bankinbetalings waarvoor daar ongelukkig nie voldoende inligting op die bankstate verskyn nie:**

**STANDARD BANK:- 1/11/2016, 2/11, 7/11, 7/11 Langeberg Bybels, 21/11, 24/11, 30/11, 1/12, 2/12, 7/12 Langeberg Bybels, 17/12, 20/12, 21/12, 29/12.**

**ABSA BANK:- 26/10, 28/10 Bybels, 30/10, 1/11, 2/11 NLM, 8/11, 10/11, 15/11, 16/11, 17/11 Bela-Bela, 18/11, 22/11, 26/11, 28/11 Bybels, 30/11, 1/12, 2/12 NLM, 8/12, 9/12, 13/12, 17/12, 18/12, 26/12, 28/12 Bybels, 31/12/2016, Langeberg Bybels.**

**■ Tjeks kan aan JAPANSENDING betaalbaar gemaak en gekruis word. Dit is egter nie veilig om banknote per pos te stuur nie. 'n Deposito kan direk in die Sending se bankrekening gemaak word by enige tak van STANDARD BANK of ABSA BANK of 'n debietorder kan gebruik word.**

**Nogmaals BAIE DANKIE, liewe vriende. Mag die Here u seën.**

**Naam van Rekening: JAPANSENDING**
**STANDARD BANK, Rek No 010 333 126, Tak No 014-845**
**ABSA BANK, Rek No 090 161 334, Tak No 334-645**

***JAPANSENDING, POSBUS 30106, WONDERBOOMPOORT 0033***
***Tel/Faks (012)377-1533 E-pos: sa@japanmission.org***

***(Art 21) Reg No 2006 /019264 /08***

dokters en kon ek die hospitaal verlaat. Ek het in 1963 by Japansending aangesluit en die Kansai Bybelseminarie vir vier jaar bygewoon, waarna ek vir baie jare saam met Japansending gedien het as 'n hospitaalevangelis. Ek is nou 80 jaar oud en het vir die laaste 50 jaar my lewe gewy aan sendingwerk en werk steeds as 'n evangelis."

Hiroyuki Kodama het 'n hele aantal Christelike boeke geskryf en gaan steeds voort om maandeliks 'n gedeelte te skryf vir die *Fontein van Vreugde*-blaadjie, 'n evangeliese traktaatjie wat Japansending elke maand publiseer. ***Bid*** vir wysheid en krag vir Hiroyuki, terwyl hy nog steeds voortgaan om baie te bereik deur die evangelieboodskap.

## NUWE UITREIK -
### SJINESE STUDENTE EN TOERISTE

Ons het lank gebid en die Here gevra om ons te wys hoe om die miljoene Sjinese besoekers aan Japan te bereik, waar hulle 'n nuwe vryheid ontdek het om sonder beperkings te mag aanbid. Die Here het onlangs ons gebede verhoor deur Japansending te lei om as vennoot van 'n Sjinese kerk te kan werk. Japansending besit 'n sentraal geleë vierverdiepinggebou in Osaka. Hierdie fasiliteit word gebruik as 'n oudiovisuele uitreiksentrum en word ook gebruik om die plaaslike gemeenskap vir Christus te bereik. Sekere veranderings is aan die gebou aangebring en daarna het die Sjinese kerk begin om op Sondae daar bymekaar te kom. Baie Sjinese studente en toeriste besoek nou dikwels hierdie plek. ***Bid*** dat baie Christus sal vind en ander sal lei na die Here wanneer hulle na Sjina terugkeer.

## JAPANORAMA -
### VOSDORPIE

Japan het baie diereskuilings. Daar is byvoorbeeld 'n eiland wat geheel en al vir hase afgesonder is en 'n ander een vir katte. Daar is ook 'n vosdorpie met 6 verskillende soorte vosse en daar is 100 diere. Dit is meer soos 'n troeteldieretuin waar die vosse vrylik in 'n gebied kan beweeg en waar besoekers hulle kan voer. Besoekers word gemaan om versigtig te wees omdat hierdie diere nie mak is nie en kan byt. Vosse is populêre kreature in die Japannese volksoorlewering en mitologie. Party Japannese glo ook dat hulle mistieke magte het. Die hoofrede is egter dat die meeste mense die Vosdorpie besoek omdat hulle tog so oulik is.

## BEHOEFTE AAN ENGELSE ONDERWYSERS

Ons is tans op soek na goed gekwalifiseerde personeel om as Engelse evangeliese onderwysers diens te doen. Hierdie program bied werkers die unieke geleentheid om vriende te maak met mense van alle ouderdomsgroepe en hulle te beïnvloed vir Christus. ***Bid*** dat die Here sal aanhou om Japansending te voorsien van effektiewe werkers van sy keuse.

## MEDIABEDIENING -
### MELJUN PICARDAL



*Meljun Picardal*

Meljun (Mel) Picardal van Hawaii het gedurende Januarie 2016 by Japansending aangesluit. "Engelse onderrig is 'n unieke geleentheid vir die kerk om die gemeenskap vir Engelse onderrig uit te nooi waarby dan ook 'n kort Bybeltyd aan die einde van die klas ingesluit word," het Mel onlangs gedeel. "Ek het weekliks met omtrent 30 studente gewerk wie se ouderdom gewissel het van 5 tot 71, van besige eienaars van sakeondernemings tot afgetredenes. Die meeste is nie-Christene, tog kom hulle gereeld kerk toe om te gesels oor hulle week. Ek kan nie tel hoe baie keer die Engelse klas verander het van 'n klaskamer, na 'n beradingsessie, na 'n gewone gesprek en selfs Bybelstudie nie. Dis wonderlik om te sien hoe mense oopmaak en hulle lewe deel as ons hulle net die geleentheid daartoe gee. Ek het my in 'n situasie bevind waar ek die meeste van die tyd twee hoede dra - 'n onderwysershoed en 'n beradershoed."

Mel is ook bedrewe in oudiovisuele produksie. In die afgelope maande lyk dit asof die Here vir Mel die weg oopgemaak het om meer te konsentreer op die skepping van media-inhoud vir Japansending en plaaslike kerke. Gedurende April 2016 het die Here Alex en Mel gelei om die slagoffers van die Kumamoto-aardbewing te gaan help. Hulle het 'n video gemaak om noodleniging vir die aardbewingslagoffers en kerke wat verwoes is, te promoveer. Ons was verstom toe ons sien dat die video deur oor die 30 000 op Facebook alleen besigtig is! Dit het 'n belangrike rol gespeel om mense bewus te maak van gebed, skenkings en vrywillige hulp. Oor die 3 000 vrywilligers het gekom. Hierdie video en ons mees onlangse Kersfeesvideo kan gesien word op YouTube: www.youtube.com/user/TheJapanmission

Daar is duisende kerke in Japan wat mediahulp benodig, omdat hulle nie die finansiële bronne of tegniese vaardighede het nie. ***Bid*** dat die Here ons duidelik sal lei om voort te gaan met hierdie bediening wat so baie potensiaal het.

■ *Indien u nie 'n Japansending almanak vir 2016 ontvang het nie, of nog daarvan benodig, kontak asseblief ons kantoor in Pretoria en dit sal met graagte aan u gestuur word.*